

# EUCHARISTIESE GEBED I

## [Die Romeinse Kanon]

DIE SELEBRANT MAG IN ALLE HEILIGE MISSE GEDEELTES VAN DIE EUCHARISTIESE GEBED SING, VERAL DIE HOOFGEDEELTES.

DIE WOORDE TUSSEN HAKIES KAN, INDIEN DIE SELEBRANT DIT SO VERKIES, WEGGELAAT WORD.

### DIE SELEBRANT ALLEEN



aarom, allerbarmhartige Vader,  
bid en smeeek ons U in nederigheid,  
deur Jesus Christus, u Seun, onse Here,

HY BRING SY HANDE BYMEKAAR EN SÊ:

dat U hierdie gawes, hierdie diensoffer,  
hierdie heilige en vlekkelose offerandes

HY MAAK DIE KRUISTEKEN EENKEER

OOR BEIDE DIE BROOD EN DIE KELK, TERWYL HY BID:

mag aanvaar en seën ✠,

### VIR DIE KERK

MET HANDE UITGESTREK GAAN HY VOORT:

wat ons veral offer  
vir u heilige Katolieke Kerk.

Mag dit U behaag om haar vrede te skenk,  
haar te bewaar, haar te verenig,  
en oor die hele wêreld heen te bestier,  
een met u dienaar *N.*, ons pous  
en *N.*, ons biskop ★ [ek U onwaardige dienaar]  
en alle reggelowiges  
wat die katolieke en apostoliese geloof deurgee.

---

★ Melding mag hier gemaak word van die Koadjutor - of die Hulpbiskop[pe] soos voorgeskryf in die Algemene Instruksies van die Romeinse Missaal.

## VIR DIE LEWENDES

## DIE SELEBRANT OF 'N MEDE-SELEBRANT



ink, o Here, aan u dienaars en dienaresses *N.*, en *N.*,

MET HANDE BYMEKAAR BID DIE SELEBRANT KORTLIKS VIR  
DIEGENE VIR WIE HY WIL BID.

DAN BID HY VERDER MET HANDE UITGESTREK:

en almal hier vergader,  
wie se geloof en toewyding U ken.

Ons dra hierdie loffer aan U op vir hulle,  
net soos hulle dit vir hulself  
en vir al hulle dierbares opdra:  
Vir die verlossing van hul siele,  
in die hoop op gesondheid en welsyn,  
waarvoor hulle hul eer aan U betoon,  
die ewige, lewende en ware God.

## VIR DIE HEILIGES

EIE VORME VAN DIE COMMUNICANTES VOLG NA HIERDIE GEDEELTE.

DIE EIE VORME WORD VOOR DIE † BYGEVOEG EN DIE GEBED SOOS  
HIERONDER AANGEDUI WORD DAN VERDER GEBID.

## DIE SELEBRANT OF 'N MEDE-SELEBRANT



n gemeenskap met hulle  
aan wie se gedagtenis ons eer betoon,  
veral die glorieryke altyd-maagd Maria,  
Moeder van ons God en Heer, Jesus Christus,

† en salige Josef, haar Eggenoot,  
u salige Apostels en Martelare,  
Petrus, Paulus, Andreas,

[Jakobus en Johannes,  
 Thomas, Jakobus,  
 Filippus, Bartolomeus,  
 Mattheus, Simon en Thaddeus,  
 Linus en Cletus,  
 Clemens en Sixtus,  
 Cornelius, Cyprianus,  
 Lourens, Chrysogonus,  
 Johannes en Paulus,  
 Cosmas en Damianus]

en al u Heiliges;  
 vra ons U dat U ons in alles,  
 deur hulle verdienste en gebede,  
 in u beskermende hulp sal bewaar.

[HY BRING SY HANDE BYMEKAAR.

[Deur Christus onse Here. Amen.]

## EIE VORME VAN DIE COMMUNICANTES (OM BY TE VOEG)

### MET KERSFEES EN GEDURENDE DIE KERSOKTAAF



et die viering van hierdie allerheiligste nag [dag]  
 waarop die geseënde Maria,  
 die onbevleete Maagd,  
 die Heiland van dié wêreld gebaar het,  
 en in gemeenskap met hulle  
 aan wie se gedagtenis ons eer betoon,  
 veral die glorieryke altyd-maagd Maria,  
 Moeder van ons God en Heer, Jesus Christus, †

### MET EPIFANIE OF DIE OPENBARING VAN DIE HERE



et die viering van hierdie allerheiligste dag  
 waarop u Eniggebore Seun,  
 ewig saam met U in u glorie,  
 in menslike gestalte verskyn het

en waarlik ons vlees aangeneem het,  
 en in gemeenskap met hulle  
 aan wie se gedagtenis ons eer betoon,  
 veral die glorieryke altyd-maagd Maria,  
 Moeder van ons God en Heer, Jesus Christus, †

### MET DIE PAASWAAK TOT EN MET DIE TWEDE PAASSONDAG



et die viering van hierdie allerheiligste nag [dag]  
 waarop onse Here Jesus Christus  
 in die vlees uit die dood opgestaan het,  
 en in gemeenskap met hulle  
 aan wie se gedagtenis ons eer betoon,  
 veral die glorieryke altyd-maagd Maria,  
 Moeder van ons God en Heer, Jesus Christus, †

### MET DIE HEMELVAART VAN ONSE HERE



et die viering van hierdie allerheiligste dag  
 waarop u Eniggebore Seun, onse Here,  
 ons swak menslike natuur,  
 wat Hy met Homself verenig het,  
 aan die regterhand van u heerlijkheid geplaas het,

### MET PINKSTER



et die viering van  
 hierdie allerheiligste Pinksterdag,  
 waarop die Heilige Gees in tonge van vuur  
 aan die Apostels verskyn het,  
 en in gemeenskap met hulle aan wie se gedagtenis ons eer betoon,  
 veral die glorieryke altyd-maagd Maria,  
 Moeder van ons God en Heer, Jesus Christus, †

## MET WITTE DONDERDAG



et die viering van  
 hierdie allerheiligste dag  
 waarop onse Here Jesus Christus  
 om ons ontwil oorgelewer is,  
 en in gemeenskap met hulle  
 aan wie se gedagtenis ons eer betoon,  
 veral die glorieryke altyd-maagd Maria,  
 Moeder van ons God en Heer, Jesus Christus, †

## VIR DIE GAWES

DIE HANC IGITUR VIR SPESIALE FEESDAE VOLG NÁ HIERDIE GEDEELTE.

DIE SPESIALE HANC IGITUR-FORMULIER VERVANG DIE VOLGENDE GEDEELTE VAN DIE EUCHARISTIESE GEBED.

DIE SELEBRANT ALLEEN

MET UITGESTREKTE HANDE VERVOLG DIE SELEBRANT:



Daarom bid ons, Here:  
 Aanvaar goedgunstiglik  
 hierdie offerdiens;  
 dié van u hele familie;  
 mag U ons dae in u vrede rig,  
 en ons ook van die ewige verdoemenis red  
 en beveel dat ons by die kudde  
 van u uitverkorenes gereken sal word.

HY BRING SY HANDE BYMEKAAR.

[Deur Christus onse Here. Amen.]

## HANC IGITUR VIR SPESIALE FEESDAE

## MET WITTE DONDERDAG

**D**aarom bid ons, Here:  
 Aanvaar goedgunstiglik hierdie offerdiens;  
 dié van u hele familie;  
 wat ons U aanbied

waar ons die dag herdenk  
 waarop ons Here Jesus Christus  
 die geheimenisse van sy Liggaam en Bloed  
 aan sy dissipels oorgelewer het om te vier;  
 mag U ons dae in u vrede rig,  
 en ons ook van die ewige verdoemenis red  
 en beveel dat ons by die kudde  
 van u uitverkorenes gereken sal word.

HY BRING SY HANDE BYMEKAAR.

[Deur Christus onse Here. Amen.]

MET DIE PAASWAAK TOT EN MET DIE TWEDE  
PAASSONDAG

**D**aarom bid ons, Here:  
 Aanvaar goedgunstiglik hierdie offerdiens;  
 dié van u hele familie;  
 wat ons ook voor U bring

vir diegene wat dit U behaag het  
 om die nuwe geboorte  
 van water en die Heilige Gees te gee,  
 en hulle vergifnis van al hul sondes te skenk;  
 mag U ons dae in u vrede rig,  
 en ons ook van die ewige verdoemenis red  
 en beveel dat ons by die kudde  
 van u uitverkorenes gereken sal word.

HY BRING SY HANDE BYMEKAAR.

[Deur Christus onse Here. Amen.]

## AANVAARDING VAN DIE OFFERGAWES

MET HANDE OOR DIE OFFERGAWES UITGESTREK  
 BID DIE SELEBRANT MET ALLE MEDE-SELEBRANTE.

## SELEBRANT EN ALLE MEDE-SELEBRANTE



ns bid U, o God,  
 mag dit U behaag om hierdie offergawes  
 in alle opsigte te seën,  
 te bekragtig en aan te neem;  
 maak dit geestelik en aanvaarbaar,  
 sodat dit vir ons, die Liggaam en Bloed  
 van u allergeliefde Seun,  
 onse Here Jesus Christus, mag word.

HY BRING SY HANDE BYMEKAAR.

IN DIE VOORGESKREWE FORMULIER WAT VOLG, MOET DIE WOORDE VAN DIE  
 HERE **DUIDELIK** EN **HELDER** UITGESPREEK WORD, SOOS WAT DIE AARD VAN  
 HIERDIE WOORDE DIT VEREIS.

## DIE KONSEKRASIE



p die dag voor sy lyding,  
 HY NEEM DIE BROOD,  
 HEF DIT EFFENS OP EN SÊ:

het Hy brood  
 in sy heilige en agbare hande geneem,

## MET WITTE DONDERDAG



p die dag vóór sy lyding,  
 vir ons verlossing  
 en die verlossing van almal,  
 dit is vandag,

## HY KYK OP:

en met sy oë hemelwaarts verhef,  
 tot U, o God, sy almagtige Vader,  
 het Hy U gedank, die seën uitgespreek,  
 die brood gebreek en dit aan sy dissipels gegee, en gesê:

## HY BUIG EFFENS:

NEEM EN EET ALMAL HIERVAN,  
 WANT DIT IS MY LIGGAAM,  
 WAT VIR JULLE OORGELEWER SAL WORD.

HY TOON DIE GEWYDE HOSTIE AAN DIE GEMEENTE, PLAAS DIT OP DIE  
 PATEEN EN MAAK AANBIDDEND 'N KNEIBUIGING.

## DAN VERVOLG HY:



et so ná die maaltyd

HY NEEM DIE KELK,  
 HEF DIT EFFENS BO DIE ALTAAR OP EN VERVOLG:

het Hy die edele kelk  
 in sy heilige en agbare hande geneem,  
 U weereens gedank,  
 die seën uitgespreek,  
 die kelk aan sy dissipels gegee en gesê:

## HY BUIG EFFENS:

NEEM EN DRINK ALMAL HIERUIT,  
 WANT DIT IS DIE KELK VAN MY BLOED,  
 DIE BLOED VAN DIE NUWE EN EWIGE VERBOND,  
 WAT VIR JULLE EN VIR MENIGE UITGESTORT SAL WORD  
 TOT VERGIFNIS VAN SONDES.  
 DOEN DIT TOT MY GEDAGTENIS.



HY TOON DIE KELK AAN DIE GEMEENTE, PLAAS DIT OP DIE KORPORAAL EN  
 MAAK AANBIDDEND 'N KNEIBUIGING.

DIE SELEBRANT ALLEEN

DAN SÊ HY:

**D**ie geheimenis van die geloof.

WAAROP DIE GEMEENTE UITROEP:

Ons verkondig u Dood, o Here,  
 ons bely u Opstanding totdat U weer kom.

OF:

As ons hierdie Brood eet  
 en uit hierdie Beker drink,  
 verkondig ons u Dood, o Heer,  
 totdat U weer kom.

OF:

Redder van die wêreld red ons,  
 want deur u Kruis en Opstanding  
 het U ons vrygemaak.

DIE HERDENKING VAN DIE PAASGEHEIMENIS EN  
 OFFERANDE

DIE SELEBRANT MET ALLE MEDE-SELEBRANTE

**D**aarom, o Here,  
 ter herdenking aan die salige lyding,  
 ook die Opstanding uit die dode,  
 asook die glorieryke Hemelvaart  
 van Christus, u Seun, onse Here,  
 offer ons, u dienaars en u heilige volk,  
 aan u glorieryke majesteit,  
 uit die gawes wat U self aan ons gegee het,

hierdie rein slagoffer,  
 hierdie heilige slagoffer,  
 hierdie vlekkelose slagoffer,  
 die heilige Brood van die ewige lewe,  
 en die Kelk van onverganklike heil.

Aanskou met 'n stralende en goedgunstige gelaat  
 hierdie offergawes en aanvaar dit,  
 soos wat U van ouds die gawes aanvaar het  
 van u dienaar Abel, die regverdige,  
 die offerande van Abraham, ons vader in geloof,  
 en die offergawe van u hoëpriester Melgisedek,  
 'n heilige offerande, 'n vleklose slagoffer.

**HY BUIG MET SY HANDE BYMEKAAR EN VERVOLG:**



n nederige gebed smeeek ons U, almagtige God:  
 Beveel dat hierdie gawes deur die hande  
 van u heilige Engel gedra sal word na u hemelse altaar  
 voor die aanskyn van u goddelike majesteit,  
 sodat ons almal, deur hierdie deelname by die altaar  
 die allerheiligste Liggaam en Bloed  
 van u Seun sal ontvang, ✠

**HY STAAN REGOP EN MAAK DIE KRUISTEKEN EN SÊ:**

en met elke genade en hemelse seëning  
 vervul sal word.

**HY BRING SY HANDE BYMEKAAR.**

[Deur Christus onse Here. Amen.]

**HERDENKING VAN DIE OORLEDENES**

**SELEBRANT OF 'N MEDE-SELEBRANT**

**H**ere, dink ook aan hulle,  
 u dienaars en dienaresses *N.*, en *N.*,  
 wat voor ons heengegaan het  
 met die teken van die geloof  
 en nou in die slaap van vrede rus.

HY BRING SY HANDE BYMEKAAR EN BID KORTLIKS VIR DIE OORLEDENES EN  
 VIR DIEGENE VIR WIE HY WIL BID.

DAN STREK HY WEER SY HANDE UIT EN BID:

Ons bid U, o Here,  
 skenk hulle en almal wat in Christus slaap  
 'n plek van verkwikking, lig en vrede.

HY BRING SY HANDE BYMEKAAR.

[Deur Christus onse Here. Amen.]

VIR ONS SONDAARS

DIE SELEBRANT OF 'N MEDE-SELEBRANT

MET SY REGTERHAND SLAAN HY HOMSELF OP DIE BORS EN SÊ:

**S**kenk ook ons, u dienaars,  
 wat, hoewel ons sondaars is,  
 DAN STREK HY SY HANDE UIT EN SÊ:

op u oorfloedige barmhartighede hoop,  
 goedgunstiglik deel aan en gemeenskap met  
 u heilige Apostels en Martelare:  
 met Johannes die Doper, Stefanus,  
 Matthias, Barnabas,

[Ignatius, Alexander,  
 Marcellinus, Petrus,  
 Felicitie en Perpetua,  
 Agatha en Lucia,  
 Agnes, Cecilia en Anastasia]

en al u Heiliges;

ons smeek U,  
neem ons op in hul geselskap,  
sonder om ons verdienstes te oorweeg,  
maar ons u vergifnis te skenk,

HY BRING SY HANDE BYMEKAAR:

deur Christus onse Here.

DIE SELEBRANT ALLEEN VERVOLG.

**D**eur Wie U gedurig  
hierdie goeie dinge skep, o Heer;  
U heilig dit, vul dit met lewe,  
seën dit, en skenk dit aan ons.

DIE SELEBRANT ALLEEN  
OF MET ALLE MEDE-SELEBRANTE

HY NEEM DIE KELK EN PATEEN MET DIE HOSTIE DAAROP EN TERWYL HY DIT  
OMHOOG HOU, SÊ HY:

FINALE DOKSOLOGIE

**D**eur Hom, en met Hom en in Hom,  
ontvang U God almagtige Vader,  
in die eenheid van die Heilige Gees,  
alle eer en heerlikheid tot in alle ewigheid.

DIE GEMEENTE ANTWOORD:

Amen.

HIEROP VOLG DIE KOMMUNIE-RITE